

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Augustus 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 4:1, 2 (p.14)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?
- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 95:1, 2 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriend'like aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 2 Bo al die gode en godeprag / troon God as Koning; sy gesag
is groot en ken geen grense of lyne. / Die aard' se diepste binnekant
is in die holte van sy hand; / die hoë berg daarbo is syne.

Gebed

Psalm 102:1, 5 (p. 498)

- 1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig,
as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort.
Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier;
hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!
- 5 HEER, waar U my hoog laat word het, / maar in toorn my neergestort het,
is ek soos 'n plant wat kwyn, / en my dae – skaduskyn.
Maar U, HEER, U is onendig, / u gedagt'nis bly bestendig;
mensgeslagte gaan verby, / maar u roem sal ewig bly.

Skriflesing: Rigters 2:11-3:6

Kernverse: Rigters 2:20-22

**Daarom het die toorn van die HERE teen Israel ontvlam, en Hy het gesê:
Omdat hierdie nasie my verbond wat Ek hulle vaders beveel het, oortree
en na my stem nie luister nie, sal Ek ook verder geeneen van die nasies
wat Josua by sy dood laat oorbly het, voor hulle uit verdrywe nie – om
Israel deur hulle op die proef te stel, of hulle die weg van die HERE sal
hou deur daarin te wandel soos hulle vaders dit gehou het, of nie.
(Rigters 2:20-22 AFR53)**

Tema: 'n Gelowige se ontrou word die Here se instrument om hom te beproef

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, 'n mens kan soms so uit die veld geslaan wees oor wat gelowiges kan aanvang. Ons het nou al in die eerste twee hoofstukke van die boek Rigters gesien wat Israel gedoen het en onself afgevra: Hoe kan so iets gebeur?

Hier is mense wat die almag en die sorg van die Here op 'n besonderse wyse beleef het. Die Here het hulle uit die greep van die farao van Egipte verlos. Vir veertig jaar het die Here hulle in die wildernis opgepas en versorg. Hulle klere en skoene het in die tyd nie eens verslyt nie en hulle voete het nie eens geswel nie (Deut 8:4). In die beloofde land het hulle gesien hoe die Here die een versterkte stad na die ander voor hulle laat val en die heidene in hulle hand oorgee sodat elkeen van die twaalf stamme hulle grondgebied kon kry en bewoon.

Hulle het met hulle eie oë gesien en aan hulle eie lyf beleef dat die Here elkeen van sy beloftes aan hulle die een na die ander vervul. Toe elkeen van die stamme verder moes gaan om die oorblywende heidene daaruit te verdryf het die Here ook nog gesê dat Hy die land in hulle hand gee.

In hierdie stadium is 'n opmerking oor die oorblywende heidene in die beloofde land van pas. Ons moenie dink dat Josua en Israel misluk het om die Kanaäniete uit die land te verdryf nie. Nog in die dae van Moses het die Here gesê dat Hy die Kanaäniete nie met een slag voor Israel gaan verdryf nie. Israel was aan die begin te min om die hele land te bewoon en te bewerk. Die Here wil nie hê die land moet 'n woesteny word en die wilde diere te veel word vir Israel as die land nie bewoon word nie (vgl. Deut 7:18-24).

Na die dood van Josua het die tyd aangebreek dat die Here wil hê dat Israel die oorblywende heidene moet verdryf. Aanvanklik het dit gelyk asof Israel die Here voluit gehoorsaam.

Maar toe kom die eerste teleurstelling – Juda het nie die heidene in die laagte verdryf nie omdat hulle ysterstrydwaens gehad het. En daarna het dit die patroon geword by elkeen van die ander stamme – hulle het nie al die heidene verdryf nie en hulle toegelaat om onder die Israëliete te bly woon. Hulle het selfs ooreenkomste of verbonde met die heidene aangegaan wat die Here verbied het.

In Rigters 1 het die Here vir Israel 'n aanwysing gegee oor die volledige inbesitneming van die land. Verlede Sondag het ons die aanklag van die Here teen sy volk gehoor. Hulle het verbonde met die inwoners van die land gesluit terwyl die Here dit verbied het. Ons het ook vanoggend weer die bewyse gelees wat die aanklag teen Israel ondersteun. Nou wonder

'n mens vir hoe lank sal die Here nog geduld hê met Israel. Sal die Here weer 'n keer barmhartig wees en hulle vir die soveelste keer uit hulle ellende red wat hulle oor hulleself gebring het? Gaan die Here nie by 'n punt kom wat Hy vir Israel gaan sê dat Hy nou klaar is met hulle oor hulle ongehoorsaamheid nie?

Dit is vrae wat moontlik ook by Israel gespook het toe die Engel van die Here die aanklag by Bogim uitgespreek het (Rig 2:1-3). Toe die Here die tweede keer met Israel gepraat het, het Hy net die aanklag en bewyse voorgelê, maar Hy het nog nie die vonnis oor Israel se ongehoorsaamheid uitgespreek nie. En dit sou veroorsaak het dat Israel in spanning gewag het op die uitspraak van die Here. Hulle het nou wel hulle skuld erken, maar wat gaan die Here nou met hulle doen?

Ja, dit is inderdaad so dat die woorde in hierdie koninklike dekreet van die Here in vers 21 klink soos die woorde in vers 3 van die aanklag. Toe die Here by die aanklag gesê het dat Hy nie die heidene meer voor Israel sal verdryf nie, was dit nog nie die eintlike vonnis nie. Die woorde in Rigters 2:3 is nog deel van die belofte wat die Here met 'n eed aan die vaders van Israel gemaak het.

'n Mens kan die woorde in verse 1 en 3 soos volg saam lees: *Met 'n eed het die Here beloop en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie, en Hy het ook gesê: As julle 'n verbond met die nasies in die land maak, sal Ek die nasies nie uitdryf nie.*

Wanneer 'n mens hierdie twee verse so saam lees, kom dit op die volgende neer: Die Here het die vaders met 'n eed beloop dat Hy die hele land aan Israel sal gee, maar Hy het ook met 'n eed beloop dat Hy die land nie heeltemal aan Israel sal gee as hulle ongehoorsaam is nie.

En nou was Israel ongehoorsaam aan die Here. Hulle het die verbond van die Here oortree en nie na sy stem geluister nie. Die Here het Homself volledig aan Israel verbind toe Hy sy verbond met hulle bevestig het. Hy het Homself as hulle God aan Israel gegee. En omdat die Here Homself so volledig aan Israel verbind het, verwag Hy dat Israel hulle self ook so volledig aan Hom sal oorgee. Van al die volke op die aarde het Hy Israel uitgekies om met hulle 'n verhouding te hê. Daarom moes Israel se hart en lewe eksklusief aan die Here behoort. Die Here is die jaloerse God wat sy eiendom nie met iets of iemand anders sal deel nie.

Nou is daar 'n gespanne afwagting by Israel. Wat gaan die Here met hulle maak? Hulle het hulleself nie volledig net aan die Here oorgegee nie. Deur hulle verbond met die nasies het hulle ook sover gegaan om ook hulle hart en lewe vir die afgode van die heidene te gee. In werklikheid het Israel egbreuk gepleeg omdat hulle die afgode van die Kanaäniete gedien het.

Broers, susters en kinders, so uit die veld geslaan as wat ons oor Israel is, so stomgeslaan kan ons oor onself ook soms staan. Dit is nie net Israel wat die besondere genade van die Here beleef het nie. Elkeen wat nou waarlik in Jesus Christus glo, het ook al op uitsonderlike wyses die genade van die Here ondervind. Elke dag sorg die Here vir jou met kos en klere. Al het jy miskien nie 'n beursie wat bult van die note nie, het die Here jou nog nie een aand honger gaan laat slaap nie. Op watter manier die Here ook al gekies het, het Hy jou nog elke dag versorg.

Jou geloof in Jesus Christus is die bewys dat die Here Homself regtig aan jou verbind het. Hy wil jou immers nie net in hierdie lewe versorg nie. Hy wil jou vir ewig versorg. Daarom het die Heilige Gees die bekering en geloof aan jou geskenk. En omdat Jesus Christus jou verlos het, is die Heilige Gees voortdurend besig om die beeld van God in jou te herstel, want Hy is besig om jou heilig te maak.

En hoewel die Here al hierdie dinge vir jou gee en aan jou doen, betrap jy jouself nog elke dag dat jy hardkoppig en eiewillig optree. In plaas daarvan om na die stem van die Here te luister, luister jy na die stem van jou eie sondige geaardheid. In plaas daarvan dat jy die Heilige Gees gehoorsaam wanneer Hy jou in die voetspore van Jesus lei, koester jy die begeertes van jou hart en volg jy waar jou eie begeertes jou lei. En as jy weer sien het jy weer 'n keer die verbond van die Here oortree. Dit is dan in hierdie stadium wat jy ook wonder: Sal die Here my nog 'n keer kan vergewe? Kan ek dit waag om die Here weer 'n keer om genade te smek, want kyk net hoe ontrou was ek al weer teenoor Hom?

Luister nou net wat sê die Here wat hierdie ongehoorsaamheid van sy volk aan Hom doen en kyk wat sê Hy dan vir Israel. Israel se aanhoudende ongehoorsaamheid teenoor die Here het veroorsaak dat die toorn van die Here teen Israel ontvlam het. God is nie net die God van liefde en drukies, soos wat party mense sê en ons soms ook wil hê nie. God

word ook kwaad, want dit is nie so dat ons sonde niks aan die Here doen nie. Wie is daar wat regtig die krag van God se toorn ken? vra Moses in Psalm 90.

Ja, inderdaad die Here se toorn vlam op teen sy kinders wanneer hulle aanhoudend die Here tart en die dinge doen waarteen Hy hulle gewaarsku het. Deur hulle ongehoorsaamheid het Israel self veroorsaak dat daar verwydering tussen hulle en die Here gekom het. Kyk net hoe noem Hy hulle wanneer Hy sy teleurstelling in vers 20 uitspreek. Hy praat nie van *my volk* nie, maar van *hierdie nasie*. Tog, wanneer die Here se toorn teen Israel ontvlam en al het hulle 'n verwydering veroorsaak, openbaar die Here nie naakte woede teenoor hulle nie.

Israel se hart het oor en oor geneig om met die heidene ooreenkomste te wil maak. Israel het hulle hart gerig op die dinge wat die Here verbied het. Wanneer die Here dan die vonnis oor hulle uitspreek, vind hulle uit dat die Here hulle nou gee waarvoor hulle gesoek het. Israel wou aanvanklik nie in gehoorsaamheid die heidene uit die land verdryf nie. Nou sê die Here dat Hy ook nie verder die nasies wat oorgebly het voor Israel gaan uit verdryf nie.

In ons gelese gedeelte sê die Here wat die doel is van die vonnis oor Israel. In vers 22 gee die Here die een doel van die vonnis. Hy gaan Israel op die proef stel met die oorblywende heidene. Met ander woorde, die Here gaan Israel toets of hulle aan die Here getrou sal bly of nie.

Van die Here se kant af is sy verhouding met Israel onverbreekbaar. Hy het dit reeds by die aanklag al gesê:

Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie. (Rigters 2:1 AFR53)

Oor die Here se trou hoef Israel nooit te twyfel nie. Ook wanneer jy en ek as gelowiges hardnekkig en eiewys weer in die sonde gestruikel het, moet ons nooit aan die trou van die Here twyfel nie. Wanneer Hy een maal sy verhouding met 'n mens begin het en sy verbond met die mens bevestig het, bly sy verhouding met die mens konstant. Sy liefde vir die mens koel nooit af nie. Maar dit kon Israel nie van hulleself sê nie. Geen gelowige kan sê dat sy liefde nooit vir die Here sal afkoel nie.

Dit is egter nie hoe die Here wil hê dat sy volk en sy mense se verhouding met Hom moet bly nie. Hy wil nie eendag die enigste Here wees wat deur die mens gedien word en die volgende oomblik loop die mens weer agter ander dinge of gode aan nie. Die Here wil hê dat die mens se liefde net so konstant en warm sal wees as sy liefde vir hulle. Die mens moet self ontdek of sy liefde vir die Here regtig so konstant is. Daarom het die Here besluit om sy volk met die oorblywende heidene te toets. Daarom bring die Here ook verskeie beproewings oor jou as gelowige.

Dit het seker met jou ook al gebeur. Jy het 'n vurige stryd gehad teen die een of ander sonde in jou lewe en deur die genade het jy dit reggekry om daardie sonde te oorwin. Maar nie lank na die oorwinning nie, doen daar oor en oor die geleentheid hom voor om jou weer in dieselfde sonde te laat struikel. Dit is nie te sê dat jy die geleentheid gaan soek het nie. Die Here het so 'n geleentheid oor jou beskik om jou liefde vir Hom op die proef te stel. Hy wil nie hê dat jy struikel in die sonde nie, maar dat jy sterker word in jou verhouding met Hom.

Vir Israel om in hulle verhouding met die Here te groei, laat die Here dit nie maar aan Israel self oor om die proses te kies nie. Daarom hoor ons van 'n tweede doel hoekom die

Here die oorblywende heidene nie gaan verdryf nie. Sy volk – veral die wat dit nie vroeër geken het nie – moet leer om oorlog te voer (Rig 3:2). Dit gaan egter nie net daarvoor dat hulle moet leer hoe om oorlog te voer nie. Dit gaan veral daarvoor dat Israel sal leer om afhanklik van die Here te lewe en op sy krag staat te maak in die oorloë. Hulle moet die Here as hulle Aanvoerder van die leër van Israel erken en vertrou.

Vir die gelowige om in sy verhouding met die Here te groei, is dit nodig dat hy sal stryd voer teen die sonde en sy vyande. Daarom moet die gelowige ook in sy stryd die Here as Aanvoerder in die stryd erken en vertrou. Om hierdie rede smee die gelowige aanhoudend dat die Heilige Gees hom in sy stryd sal versterk en staande sal hou. Deur hierdie stryd leer die gelowige om die Here al hoe meer te vertrou en groei sy liefde vir die Here ook sterker.

Kyk net watter groot genade het die Here aan sy mense betoon. In sy toorn neem Hy nie wraak en delg ook nie sy volk uit. Hulle ontrou teenoor die Here veroorsaak nie dat Hy nie beheer het oor sy mense en sy skepping nie. Hy bly in beheer, daarom gebruik Hy hulle ontrou as die instrument om hulle te toets en te laat groei in hulle verhouding met Hom.

Die Here gaan in sy genade egter nog verder. Hy laat nie net sy volk en sy mense in hierdie stryd kom om te kan groei nie. Toe die Seun van God na hierdie wêreld gekom het, kon Hy met een slag afgereken het met die duivel en al sy bouse magte. Die Seun van God is immers almagtig. Hy is self God. Maar Jesus Christus vereenselwig Homself volledig met die son-daars wat sy Vader aan Hom gegee het om te verlos. Hy neem hulle brose menslike natuur aan. Hy onderwerp Hom volledig aan die wet van sy Vader. Hy loop die hele pad van ver-nedering en stryd, versoekings en beproewings om uiteindelik die slang se kop te vermorsel en so volkome verlossing vir sy mense te bewerk.

Verkeer jy nou in 'n beproewing? Moenie moedeloos word nie. Die Here het nie met jou as gelowige opgegee nie. Deur sy Gees wil Hy aan jou die krag gee om die stryd voer en uiteindelik saam met die Here die oorwinning te behaal totdat jou liefde vir die Here net so bestendig is as sy liefde vir jou.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 14-3:1, 4

- 1 Versterk jul in die Heer se krag, / die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.
Kom trek, gesterk deur God se mag, / sy volle wapenrusting aan.
Jul sal so staande bly, / ná elke veldslag vry.
Jul sal teen Satan stry, / sy sluwe lis bestry, / in God se krag hom trou weerstaan.

- 4 Stry altyd biddend deur die Gees, / terwyl jul God van harte smee.
Volhard en laat jul bede wees / vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord / gepreek word soos dit hoort,
geheimnisse soet / vrymoedig en met moed / nou kragtig uit my boeie breek!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Augustus 2018